

Notule van die 6^{de} Gewone Maandelikse vergadering van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die Raadsaal, Kerkstraat 15, Munisipale Kantore, Beaufort-Wes

op **Dinsdag, 02 September 2014**

om **14:00**

Teenwoordig:

Raadslede SM Motsoane [Speaker], EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-
Burgemeester], G de Vos, L Deyce, M Furmen, AM Slabbert, DE
Welgemoed, R van der Linde en AD Willemse
Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester]

Afwesig:

Raadslede GP Adolph, J Bostander, GT Murray, DE Welgemoed en AD Willemse

In diens:

Munisipale Bestuurder [J Booysen], Direkteure: Finansiële Dienste [F Sabbat],
Elektrotegniese Dienste [RE van Staden], Korporatiewe Dienste [AC Makendlana],
Ingenieursdienste [JCL Smit], Senior Bestuurder: Korporatiewe Dienste [P de V
Strümpher], Bestuurder: Finansiële Administrasie [MA Strümpher], Rekenmeester:
Inkomste [E van Staden], Konsultant [D Hanekom] Kontroleerder: Finansiële
Administrasie [RA Eland] en Komitee Beampte

1. MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: JULIE 2014
5/1/2/1; 8/1/1/2/3 [Item 7.1]

BESLUIT

Dat die maandelikse finansiële state vir die maand Julie 2014 soos uiteengesit in
Bylae 25 tot 47, van die agenda goedgekeur en aanvaar word.

2. BUDGET PROCESS: 2015/2016
5/1/2/1 [Item 7.2]

Councillor R. van der Linde seconded by Councillor G. de Vos proposed that the
Budget Process (time schedule outlining key deadlines) for the 2015/2016 Financial
Year be approved.

**UNANIMOUSLY
ACCEPTED THUS
RESOLVED**

3. ADJUSTMENT BUDGET: ROLL OVERS: 2014/2015
5/1/2/1 [Item 7.3]

RESOLVED

Councillor R. van der Linde seconded by Councillor G. de Vos proposed –

1. That the adjusted operating revenue and expenditure projections as set out in table B3 be approved.
2. That the adjusted capital expenditure and funding sources as set out in table B5 be approved.
3. That the service delivery and budget implementation plan be adjusted in accordance with the revised budget and that the revised SDBIP be submitted for approval.
4. That the revised budget and SDBIP be submitted to National and Provincial Treasury.
5. That no overspending of the revised budget be allowed except in cases where the provisions of section 29(1) of the MFMA can be invoked.
6. That further savings be identified and that directors promote effectiveness and efficiency within their respective directorates.
7. That the credit control policy be enforced to ensure that the debt collection ratio is improved.
8. That overtime and the use of temporary employees be carefully monitored and considered given the poor cash flow position.
9. That the number of meetings / workshops to be attended and the number of attendees be limited to the absolute minimum and that shared transport be used.
10. That both operating and capital expenditure from own revenue be limited to the actual cash available and that this be monitored and reported on a monthly basis.

**UNANIMOUSLY
ACCEPTED THUS
RESOLVED**

FESTINALENTE

4. **DRAFT: BEAUFORT WEST MUNICIPALITY: IDP REVIEW PROCESS PLAN: 2015/2016**
10/3/3/5/10 [Item 8.29]

RESOLVED

Councillor R. van der Linde seconded by Councillor G. de Vos proposed that the draft IDP Process Plan for the 2015/2016 Financial Year for the Beaufort West Municipality be approved.

**UNANIMOUSLY
ACCEPTED THUS
RESOLVED**

5. **AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULDE: DEERNISHUISHOUDINGS en DOOIE REKENINGE**
5/10/5; 5/14/1

Die Speaker lê 'n memorandum dateer 09 April 2014 ontvang van die Direkteur: Finansiële Dienste met betrekking tot die afskryf van Oninbare Skulde: Deernishuishoudings en dooie rekening ter tafel.

Na bespreking van hierdie aangeleentheid word dit derhalwe soos volg:-

BESLUIT

- 5.1 Dat die aangeleentheid met betrekking tot die afskryf van oninbare skulde ten opsigte van deernishuishoudings en dooie rekening so spoedig moontlik afgehandel word.
- 5.2 Dat die Direkteur: Finansiële Dienste volledige inligting met betrekking tot die afskryf van oninbare skulde van deernishuishoudings en dooie rekeninge aan die Raad verskaf.

Na aanleiding van Raadslid M. Furmen se inset roep die Speaker gemelde raadslid tot orde en verlaat Raadslid Furmen die Raadsaal sonder toestemming van die Speaker.

Vervolgens meld die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer T. Prince dat die gedrag van Raadslid Furmen om die Raadsaal te verlaat sonder die toestemming van die Speaker onaanvaarbaar is en versoek die Uitvoerende Burgemeester dat die voormelde so genotuleer word.

Die Speaker verdaag die vergadering synde 14:40.

Notule bekragtig hierdie dag van 2014

SM Motsoane
SPEAKER

